



Hoogtepunte

	2010	2009	% verandering
Bedryfswins voor abnormale items (R'000)	484 474	410 866	18
Wesensverdienste per aandeel (sent)	315,2	279,4	13
Dividende per aandeel (sent)	208,0	184,0	13

Geouditeerde Groepsresultate en Dividendverklaring vir die jaar geëindig 30 September 2010

Die resultate van die groep vir die jaar geëindig 30 September 2010 word hierin uiteengesit.

Die verkorte finansiële inligting is opgestel in ooreenstemming met die raamwerkbegrippe en die meting- en erkenningsvereistes van Internasionale Verslagdoeningstandaarde (IFRS), die AC 500-standaarde soos uitgereik deur die Raad op Rekeningkundige Praktijk en die inligting soos vereis deur IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening. Die verslag is opgestel ingevolge rekeningkundige beleide wat voldoen aan IFRS en wat ooreenstem met die wat gebruik is in die finansiële state vir die jaar geëindig 30 September 2009.

Die groep het in die loop van die jaar IAS 1 Aanbieding van Finansiële State en IFRS 8 Bedryfssegmente aangeneem. Die aanvaarding van IAS 1 het slegs 'n impak op die aanbieding en daar is dus geen impak op die bedrae waarvoor verslag gedoen word nie. Die aanvaarding van IFRS 8 het geen uitwerking op die aanbieding van die huidige en vorige jaar se resultate gehad nie.

Die ouditeure, Deloitte & Touche, het hul mening oor die groep finansiële state vir die jaar geëindig 30 September 2010 uitgereik. Die audit is gedoen in ooreenstemming met Internasionale Ouditstandaarde. Hulle het 'n ongevyside ouditemening uitgereik. Hierdie verkorte voorlopige finansiële state is onttrek uit die groep finansiële state en stem in alle wesentlike opsigte met die groep finansiële state ooreen. 'n Afskrif van hul ouditverslag is beskikbaar ter insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor. Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie wat in hierdie aankondiging ingesluit is, is nie deur die maatskappy se ouditeure nagesien of oor verslag gedoen nie.

FINANSIËLE RESULTATE

Wesensverdienste per aandeel vir die jaar geëindig 30 September 2010 het met 13% teenoor die vorige jaar gestyg. Die waardedaling in klandisiewaarde wat onder abnormale items geopenbaar is, het 'n invloed op verdienste per aandeel gehad. Verdienste per aandeel was soortgelyk aan die vorige jaar.

Bedryfswins voor abnormale items vir die jaar geëindig 30 September 2010 het met 18% toegeneem vergeleke met die vorige jaar.

Beleggingsinkomste was laer as die vorige jaar hoofsaaklik as gevolg van laer kontantsaldo's en laer rentekoerse.

'n Finale dividend van 175 sent per aandeel is verklaar wat, saam met die tussentydse dividend van 33 sent, die totale dividend vir die jaar op 208 sent per aandeel te staan bring, 'n styging van 13% teenoor die totale dividend van 184 sent in 2009.

BEDRYFSOORSIG

Kusvisserij

Die 2010 Totale Toelaatbare Vangs (TTV) vir sardyne in Suid-Afrika is 90 000 ton (2009: 90 000 ton). Sardynvangste en opbrengste by die inmaakfabriek in St Helenabaai was soortgelyk aan die vorige finansiële jaar en daar word verwag dat die maatskappy se kwota ten volle gevang sal wees teen die sluiting van die seisoen. Die Namibiese TTV vir sardyne is 25 000 ton (2009: 17 000 ton). Etosha het sy volle kwota gevang en ook 'n beduidende volume vis ingemaak uit gevriesde vis wat vanaf Marokko ingevoer is.

Die verkoopsvolumes van ingemaakte vis op die plaaslike mark het gestyg as gevolg van die groter beskikbaarheid van klaarprodukte, van sowel plaaslike voorsiening en ingevoerde produkte. Koste van ingevoerde produkte het die sterker rand-wisselkoers bevoordeel.

Marktoestande by Glenryck in die Verenigde Koninkryk was steeds moeilik. Die bedrywigheid is gedurende die jaar gherstruktureer en 'n aantal produkte is gestaak. Kernprodukte sal in die toekoms versaf word deur Oceana Brands vir verkoop in die VK deur 'n derdepartyspreider onder die Glenryck-handelsmerk.

Algeheel was die winsgewendheid uit ingemaaktevis-bedrywigheid heelwat beter as dit wat in in die vorige jaar behaal is.

Die sardyn-TTV vir die "A"-seisoen vir 2010 was 453 183 ton en vir die "B"-seisoen 120 000 ton (2009:"A"-seisoen 449 437 ton;"B"-seisoen 120 000 ton). Die groep het teen die einde van die finansiële jaar 52% van sy sardynkwota gevang (2009: 42%) en verwag nie enige verdere beduidende vangste voor die sluiting van die seisoen nie. Vangste van rooi-ooghang was hoër en in totaal het die inset tot die vismeelaanlegte

met 17% tot 132 081 ton (2009: 112 834 ton) toegeneem. Die verkoopsprys in Amerikaanse dollar was beduidend beter as die vorige jaar en 'n groot gedeelte van die verkope was aan internasionale markte, hoofsaaklik in die Verre-Ooste. Marges en winste was hoër as in die vorige jaar.

Die TTV vir wesuskreef het tot 2 393 ton (2009: 2 340 ton) gestyg. Alle houers van kommersiële regte het dieselfde kwota as in die vorige jaar ontvang, wat vir Oceana 348 ton was. 343 ton is teen die einde van die seisoen gevang (2009: 348 ton). Vangkoerse was aansienlik beter as die vorige jaar, wat tot laer vangskoste per eenheid geleë het. Verkooppryse in buitelandse valuta het rekordvlakke bereik as gevolg van die wêreldwye tekort aan kreef. Dit is egter gedeeltelik teengeweur deur die sterker rand/dollar-wisselkoers. Winste uit kreef het verhoog as gevolg van hoër pryse en laer koste.

Die omset uit tjokkavangste was hoër as in die vorige jaar as gevolg van hoër volumes. Tjokkavangste was hoër as in die vorige jaar, wat negatief geraak is deur 'n bedryfswyse staking deur vissermanne. Die besigheid is weer op 'n winsgewende basis.

Laer volumes aartappelskyfies, tesame met die hoër verkoopsprys van aartappels in die eerste kwartaal, het tot 'n verlies vir hierdie besigheid geleë.

Oopsee- en diepseevisserij

Die marsbanker-TTV in Namibië is 247 803 ton (2009: 243 000 ton). Vangkoerse in Namibië was baie goed as gevolg van bykomende vangskapasiteit na die opgradering van twee vaartuie in die vorige jaar. In Suid-Afrika het die Maksimum Voorsorgvangsmitmet op 31 500 ton gebly. Bedryfskoste van vaartuie in sowel Namibië as Suid-Afrika was laer as gevolg van laer brandstof- en onderhoudskoste. Verkooppryse in Amerikaanse dollar was oor die algemeen hoër. Verkoopsvolumes van marsbankers uit Mauritanië en die Stille Suidsee was beduidend laer. Algeheel was wins uit marsbankers hoër as in die vorige jaar.

Stokvis het 'n verlies vir die jaar gely as gevolg van lae verkoopspryse, die sterk rand-wisselkoers en koste verbonde aan die tydelike onklaaraking van een van die vaartuie.

Koelbewaring

Inkomste het gestyg as gevolg van groter vrieskapasiteit, 'n hoër algehele besettingskoers en 'n toename in die aantal palette wat gehanteer is. Vrugvolumes was egter laer as in die

vorige jaar, wat 'n negatiewe uitwerking op die uitstekende resultate van die koelstore gehad het. Die ingebruikneming van die uitbreiding aan die City Deep-fasiliteit is vir Februarie 2011 vasgestel. Totale bedryfswins was hoër as in die vorige jaar.

VOORUITSIGTE

Visvang-toestande in die suider-Afrikaanse streek sal na verwagting redelik stabiel bly. Oceana se Suid-Afrikaanse, ander Afrika- en Asiëse markte behoort ook verdere groei te ondervind, terwyl die maatskappy se Europese markte weer na die vlakke moet terugkeer wat voor die wêreldwye ekonomiese krisis ondervind is. Die rand-wisselkoers sal voortgaan om 'n ernstige uitwerking op die finansiële prestasie te hê.

MA Brey

Voorsitter

FP Kuttel

Hoof uitvoerende beampte

11 November 2010

DIVIDENDVERKLARING

Kennis geskied hiermee dat 'n finale dividend nommer 134 van 175 sent per aandeel ten opsigte van die jaar geëindig 30 September 2010 op Donderdag, 11 November 2010 verklaar is. Die toepaslike datums is soos volg:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Vrydag, 7 Januarie 2011
Handel sonder dividend neem 'n aanvang	Maandag, 10 Januarie 2011
Rekorddatum	Vrydag, 14 Januarie 2011
Dividend betaalbaar	Maandag, 17 Januarie 2011

Aandeelsertifikate mag nie van Maandag, 10 Januarie 2011 tot en met Vrydag, 14 Januarie 2011 gedomaterialiseer of gehematerialiseer word nie.

In opdrag van die direkteur

M Allie

Maatskappysekretaris

11 November 2010

VERKORTE GROEPSTAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2010 R'000	Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2009 R'000	% verandering
Inkomste	3 423 219	3 301 288	4
Koste van verkope	2 160 639	2 231 648	(3)
Bruto wins	1 262 580	1 069 640	18
Uitgawes ten opsigte van verkope en verspreiding	298 073	246 473	21
Bemerkingsuitgawes	39 658	29 641	34
Oorhoofse uitgawes	426 780	377 760	13
Netto valutaverlies	13 595	4 900	
Bedryfswins voor abnormale items	484 474	410 866	18
Abnormale items	1 (19 697)	19 329	
Bedryfswins	464 777	430 195	8
Dividende ontvang en opgeloo	13 532	18 731	(28)
Netto rente ontvang	721	7 230	(90)
Wins voor belasting	479 030	456 156	5
Belasting	175 515	148 223	18
Wins na belasting	303 515	307 933	(1)

Ander omvattende inkomste

Beweging in valuta-omrekeningsreserwe	(3 541)	(24 894)	
Beweging in kontantvloei-verskansingsreserwe	(75)	(7 856)	
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	(3 616)	(32 750)	
Totale omvattende inkomste vir die jaar	299 899	275 183	9

Wins na belasting toeskryfbaar aan:

Aandelhouders van Oceana Group Limited	294 424	292 199	1
Nie-beherende belang	9 091	15 734	(42)
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:	303 515	307 933	(1)

Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:

Aandelhouders van Oceana Group Limited	290 808	259 449	12
Nie-beherende belang	9 091	15 734	(42)
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:	299 899	275 183	9

Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel gegrond word (000'e)

	5	99 580	99 041
--	---	--------	--------

Aangepaste geweegde gemiddelde getal aandele waarop verwaterde verdienste per aandeel gegrond word (000'e)

	104 923	101 950
--	---------	---------

Verdienste per aandeel (sent)

Basies	295,7	295,0	0
Verwater	280,6	286,6	(2)
Dividende per aandeel (sent)	208,0	184,0	13

Wesensverdienste per aandeel (sent)

Basies	315,2	279,4	13
Verwater	299,2	271,5	10

VERKORTE GROEP SEGMENTELE VERSLAG

	Geouditeer 30 Sept 2010 R'000	Geouditeer 30 Sept 2009 R'000
Inkomste		
Kusvisserij	2 280 069	2 142 497
Oopsee- en diepseevisserij	909 034	948 267
Kommersiële koelbewaring	234 116	210 524
Totaal	3 423 219	3 301 288
Bedryfswins voor abnormale items		
Kusvisserij	211 060	165 451
Oopsee- en diepseevisserij	196 993	177 681
Kommersiële koelbewaring	76 421	67 734
Totaal	484 474	410 866
Totale bates		
Kusvisserij	1 020 241	926 830
Oopsee- en diepseevisserij	268 830	286 029
Kommersiële koelbewaring	212 003	174 035
Finansiering	333 627	329 514
Totaal	1 834 701	1 716 408
Uitgestelde belasting	8 528	5 878
Totaal	1 843 229	1 722 286
Totale laste		
Kusvisserij	313 428	351 170
Oopsee- en diepseevisserij	146 132	128 385
Kommersiële koelbewaring	51 194	44 437
Finansiering	39 105	22 769
Totaal	549 859	546 761
Uitgestelde belasting	46 900	49 829
Totaal	596 759	596 590

VERKORTE GROEPSTAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Geouditeer 30 Sept 2010 R'000	Geouditeer 30 Sept 2009 R'000
Bates		
Nie-bedryfsbates	541 146	534 276
Eiendom, aanleg en toerusting	364 538	352 170
Klandisiewaarde		18 774
Handelsmerk	16 183	17 343
Uitgestelde belasting	8 528	5 878
Beleggings en lenings	151 897	140 111
Bedryfsbates	1 302 083	1 188 010
Voorraad	574 838	589 814
Rekeninge ontvangbaar	545 515	408 793
Kontant en kontantekwivalente	181 730	189 403
Totale bates	1 843 229	1 722 286

Ekwiteit en laste

Ekwiteit		
Aandelekapitaal en -premie	23 129	16 536
Valuta-omrekeningsreserwe	(6 059)	(2 518)
Kapitaaldelingsreserwe	130	130
Kontantvloeierverskansingsreserwe	(7 931)	(7 856)
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	40 058	32 015
Uitkeerbare reserwes	1 162 803	1 053 395
Belang van eie aandelhouders	1 212 130	1 091 702
Nie-beherende belang	34 340	33 994
Totale ekwiteit	1 246 470	1 125 696
Nie-bedryfslaste	89 841	76 291
Aanspreeklikheid vir aandeelgebaseerde betalings	42 941	26 462
Uitgestelde belasting	46 900	49 829
Bedryfslaste	506 918	520 299
Rekeninge betaalbaar en voorsienings	470 304	499 866
Bankoortrekkings	36 614	20 433
Totale ekwiteit en laste	1 843 229	1 722 286
Getal uitgereikte aandele na aftrekking van tesourie-aandele (000'e)	99 692	99 269
Netto batewaarde per gewone aandeel (sent)	1 216	1 100
Totale laste uitgesonderd uitgestelde belasting-Totale ekwiteit (%)	44	49
Totale lenings-Totale ekwiteit (%)	3	2

VERKORTE GROEPSTAAT VAN KONTANTVLOEI

	Geouditeer 30 Sept 2010 R'000	Geouditeer 30 Sept 2009 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Bedryfswins voor abnormale items	484 474	410 866
Aanpassing vir nie-kontant- en ander items	101 092	89 659
Kontantbedryfswins voor bedryfskapitaalveranderings	585 566	500 525
Bedryfskapitaalveranderings	(168 970)	(206 875)
Kontant uit bedrywigheid gegeneer	416 596	293 650
Rente en dividend ontvang	6 639	16 509
Rente betaal	(5 497)	(5 600)
Belasting betaal	(166 234)	(138 822)
Dividende betaal	(193 840)	(170 984)
Kontant invloei/(uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite	57 664	(5 247)
Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	(87 937)	(62 429)
Kapitaalbesteding	(91 852)	(91 138)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	2 590	10 275
Netto beweging in lenings en voorskotte	1 534	14 221
Verkryging van belegging	(209)	
Kontantverwante abnormale items		4 213
Kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite	6 753	15 670
Opbrengs uit uitreiking van aandelekapitaal	6 598	14 472
Korttermynlenings aangegaan	155	1 198
Netto afname in kontant en kontantekwivalente	(23 520)	(52 006)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	168 970	218 133
Uitwerking van wisselkoersveranderings	(334)	2 843
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	145 116	168 970

VERKORTE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Geouditeer 30 Sept 2010 R'000	Geouditeer 30 Sept 2009 R'000
Saldo aan die begin van die jaar	1 125 696	999 558
Totale omvattende inkomste vir die jaar	299 899	275 183
Wins na belasting	303 515	307 933
Beweging in valuta-omrekeningsreserwe	(3 541)	(24 894)
Beweging in kontantvloeierverskansingsreserwe	(75)	(7 856)
Aandele uitgereik	6 429	12 979
Beweging in tesourie-aandele deur aandeeltrusts		